KUNSSIN DEUR VROUE AANGEWAKKER

Deur Die Vroueredaktrise

TWEE van Graaff-Reinet se vroue is in 'n groot mate verantwoordelik vir die gewildheid van die Hester Rupert-Kunsmuseum op dié pragtige Karoodorp. Hulle is mevv. Antoinette de Lange, burgemeestersvrou, en mev. Dalene Matthee.

Dié twee neem beurte om diens by die kunsmuseum te doen en niks is te veel moeite vir hulle om te verduidelik of om besoekers aan die museum en Graaff-Reinet bekend te stel nie.

Tydens 'n onlangse besoek aan die juweeldorp van die Karoo het ek tyd afgestaan om die Hester Rupert-Kunsmuseum te besoek. Vanaf die opening van dié Kunsmuseum op 26 Julie 1966 het dit vinnig landswyd bekend geword vir die uitstekende versameling van Suid-Afrikaanse kuns.

Slawekerk

Mev. Matthee en mev. De Lange het baie interessante staaltjies oor die agtergrond van die Kunsmuseum te vertel. Dié twee vroue neem beurte om diens by die museum te doen, en mev. Matthee het gesê, „Dit is sekerlik die aangenaamste werk in Graaff-Reinet!"

Die gebou was oorspronklik die ou N.G. Sendingkerk, wat in 1821 ingewy is. In 1966 sou 'n oliemaatskappy dit sloop, maar die Rembrandt-Groep van Maatskappye het dit gered, gerestoureer en in 1966 aan die stadsraad van Graaff-Reinet geskenk. Die naam Hester Rupert-Kunsmuseum is ter ere van die moeder van dr. Anton Rupert, stigter van die Groep, wat in Graaff-Reinet gebore is.

Baie van die ouer nie-blankes noem nog die gebou die „slawekerkie" en mev. Matthee het 'n paar interessante staaltjies van sommige van haar besoekers vertel. „Die oueres bring die jongspan in, vra toestemming om deur te gaan en gaan wys dan vir die jeug waar hulle gedoop is. Die preekstoel is net so behou en ek het al na baie herinnerings hier geluister."

Besoekers

Die gebou het oorspronklik 'n rietdak gehad, maar die dak, beligting en die vloer moes gedurende die restourasie vervang word.

Mev. Matthee het vertel dat sy soms baie teleurgesteld is omdat sy voel dat die plaaslike inwoners en veral studente, nie genoeg die Kunsmuseum besoek nie. „Dit is die reisigers wat spesiaal hier stilhou om die gebou en die versameling te sien. Wanneer daar individuele kunstenaars in die spesiale ateljee uitstal, wek dit weer plaaslike belangstelling op."

Werke van Francois Krige, Erik Laubscher, Maggie Laubscher en veel meer Suid-Afrikaanse kunstenaars — daar is op die oomblik 86 werke — word almal pragtig in die stil atmosfeer vertoon.

Net om die draai van die Kunsmuseum is Pastoriestraat, wat ook binnekort gerestoureer sal word. Een van die huise wat nou in die straat herbou word, is die persoonlike huis vir Dr. Anton Rupert.

Net 'n paar honderd tree verder is Drostdyhof, die klein straatjie wat reeds klaar restoureer is. Mevv. De Lange en Matthee is baie gewillig om besoekers dadelik na al die plekke te verwys en is baie trots op hul pragtige geboue en die gebruik van dié geboue. Hulle het alle rede om trots te wees.

REGS:

Mev. Antoinette de Lange

Mev. Dalene Matthee sê haar werk is die interessantste in Graaff-Reinet.